

Saterdag 5 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 27

Fokusgedeelte: Levitikus 27:21, 30, 32

Geheilig aan die Here

Die Here het ons in Christus geheilig tot 'n dankbaarheidslewe. Die Bybel praat ook daarvan dat ons deur Christus gekoop is. Ons is losgekoop van die sonde sodat ons heilig kan leef. Die woord *heilig* beteken om eenkant geplaas te wees vir God. Soms voel dit vir ons as gelowiges asof ons nie altyd by die wêreld inpas nie, omdat dit so is. Ons is anders. Ons is gewy aan die Here.

In die Ou Testament was gelowiges soms ook op 'n spesiale manier aan die Here gewy om in sy diens te staan. Ons lees hiervan in Numeri 6. Dit is die nasireërgelofte. Om 'n nasireër te wees, beteken om totaal aan die Here gewy te wees. Dit is om in sy diens te staan. Wanneer daar so 'n gelofte afgelê is, sou hierdie persoon homself moes ontsê van sekere dinge. Hierdie gelofte was 'n ernstige gelofte. In Levitikus 27 word vertel hoe so iemand homself kon vrykoop van hierdie gelofte. Waarmee die persoon homself loskoop, behoort daarna aan die Here.

In die Nuwe Testament word ons beveel om ons hele lewe aan die Here te wy. Die verskil is wel dat ons onself nooit hoef los te koop van ons heilige lewe nie. Trouens, dit is nie ons wat besluit om ons lewe vir God te heilig nie, dit het die Here reeds voor die skepping besluit (Ef. 1). Hy het dit gedoen in Christus. Hy was die volle offer.

In Hom behoort ons saam met die hele skepping aan die Here. Ons behoort alles wat ons het, aan die Here te wy en juis ons tiendes te betaal, omdat alles wat ons besit, nie eintlik ons s'n is nie, maar aan die Here behoort. Die Here vra dus net dat ons teruggee wat reeds aan Hom behoort. So wys ons ons dankbaarheid teenoor die Here.

Sing: Psalm 89-1:6

Ds. W Brotherton (Werner) (Vryheid)